

*Passief - nie gewelddadig

VRAAG 3: BURGERLIKE PROTESOPTOGTE VANAF 1950'S - 1970'S: SWARTMAGBEWEGING IN DIE VSA.

HOE HET DIE SWARTMAGSBEWEGING (THE BLACK POWER MOVEMENT) 'N BEWUSTHEID GESKEP TUSSEN DIE SWART AMERIKANERS?

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D om die onderstaande vrae te beantwoord.

3.1 Verwys na Bron 3A:

- 3.1.1 Volgens die bron, wat is die boosaardige sirkel/siklus waarin die Negergemeenskappe in vasgevang is? (3x1)(3)
- 3.1.2 Gebruik die bron en jou kennis om te verduidelik wat kon veroorsaak het dat die Swart "bourgeoisie" nie wil terug reik na hulle vorige gemeenskappe nie. (2x2)(4)
- 3.1.3 Verduidelik die betekenis van 'daardie ou oom Tom-tipe Neger is dood'. (1x2)(2)
- 3.1.4 Noem TWEE dinge wat Malcolm X gesê het waarvoor hulle nie bang is nie. (2x1)(2)
- 3.1.5 Na watter prys het Malcolm X verwys toe hy sê "ons is nie bang om die prys te betaal nie"? (1x2)(2)

3.2 Raadpleeg Bron 3B.

- 3.2.1 Verduidelik die konsep Swart Mag in die konteks van die Swartmag-beweging. (1x2)(2)
- 3.2.2 Wat volgens die bron, was as vanselfsprekend gewees? (1x1)(1)
- 3.2.3 Identifiseer TWEE maniere uit die bron wat wys dat die Swartes passiwiteit geopenbaar het. (2x1)(2)
- 3.2.4 Waarom dink jy was dit belangrik vir die Swartmagbeweging om die konserwatiewe wittes te waarsku dat hulle dae getel is. (1x2)(2)
- 3.2.5 Verduidelik die bruikbaarheid van die bron, vir 'n geskiedkundige wat die Swartmagbeweging bestudeer en hoe hulle 'n bewustheid geskep het tussen die Swart Amerikaanse gemeenskappe. (2x2)(4)

↳ Bron 3B is bruikbaar, moet aan begin van al twee punte lê.

3.3 Gebruik Bron 3C.

- 3.3.1 Noem TWEE metodes wat bevoordeel was deur die Black Panther Party. (2x1)(2)
- 3.3.2 Verduidelik hoe die Black Panther ondersteuning verwerf het. (1x2)(2)
- 3.3.3 Lewer kommentaar oor hoekom dit nodig was vir die Black Panthers om die polisie te monitor. (2x2)(4)
- 3.3.4 Hoe, volgens die bron, het die Black Panther Party die gemeenskappe gehelp? (2x1)(2)

3.4 Bestudeer Bron 3D.

- 3.4.1 Watter boodskap word oorgedra deur die foto? (1x2)(2)
- 3.4.2 Verduidelik die konsep rassisme in die konteks van die Swartmag-beweging. (1x2)(2)

- 3.5 Bestudeer **Bronne 3C en 3D**. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3C, die bewyse in Bron 3D ondersteun, in gevolge van die rol wat die Black Panther Party gespeel het in die swart gemeenskappe. (2x2)(4)

- 3.6 Gebruik die inligting van die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT lyne (omtrent 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Black Panther Party 'n bewustheid geskep het tussen die Swart Amerikaners. (8)
[50]

* Swart Mag - vorm eenheid, swart trots en trots op herkoms, neem beheer
* Rassisme -

VRAAG 3: HOE HET DIE SWART MAGSBEWEGING (THE BLACK POWER MOVEMENT) 'N BEWUSTHEID GESKEP TUSSEN DIE SWART AMERIKANERS?

BRON 3A - NR

Hierdie is 'n uittreksel van 'n toespraak gemaak deur Malcolm X by die Universiteit van Kalifornië, waarin hy die filosofie van swart nasionalisme verduidelik het.

Op 11 Oktober 1963, het Malcolm X 'n toespraak gelewer by die Universiteit van Kalifornië, Berkley, waarin hy die filosofie van die swart nasionalisme beskryf het. Ons mense in die Neger gemeenskap is vasgevang in die boosaardige siklus van onkundigheid, armoede, siekte en dood. Dit lyk of daar geen uitweg is nie. Geen manier om te ontsnap nie. Die ryk, geleerde Swart bourgeois, daardie hoogmoedige Negers wat ontsnap, reik nooit uit en trek die res van die mense saam met hulle uit nie. Die swart massa bly gevangene in die agterbuurte. En omdat dit asof voorkom daar geen hoop is nie, geen ontsnappingsmoontlikhede nie, draai ons na wyn, draai ons na whiskey, en ons draai na dagga, marijuana en selfs die dodelike naalde – heroïne, morfien, kokaiïne, opium – opsoek na ontsnapping. Baie van ons draai na misdaad, roof, dobbelary, prostitusie ...

Daardie ou Oom Tom-tipe Neger is dood. Ons mense het geen vrees vir enigiemand, geen meer vrees vir enigiets. Ons is nie bang om tronk toe te gaan nie. Ons is nie bang om ons eie lewens te gee nie. En ons is ook nie bang om die lewe te neem van die wat probeer om ons lewe te neem nie. Ons glo in 'n regverdige uitruiling. 'n Oog vir 'n oog. 'n Kop vir 'n kop en 'n lewe vir 'n lewe. As dit die prys is van vryheid, sal ons nie aarsel om die prys te betaal nie.

[Aangepas van: <http://www.blackpast.org/1963-malcolm-x-racial-separation>]

BRON 3B - NR

Die uittreksel verduidelik Stokeley Carmichael en Charles Hamilton se opinies oor Swart Mag (Black Power).

Die konsep van Swart Mag, (*Black Power*)... is 'n oproep vir swart mense in hierdie land om saam te staan, om hulle erfenis te herken, om 'n gevoel van gemeenskap te bou. Dit is 'n oproep vir swart mense om hulle eie doelwitte te definieer, om hulle eie organisasies te lei en om daardie organisasies te ondersteun. Dit is 'n oproep om die rassistiese instansies en waardes van die gemeenskap te verwerp.

Die punt is vanselfsprekend: swart mense moet hulle eie organisasies lei en bedryf. Slegs swart mense kan die revolusionêre idee oordra – en dit is 'n revolusionêre idee – dat swart mense dinge vir hulself kan doen. Slegs hulle kan 'n swart bewusmaking in die gemeenskap begin en dit aanhou, wat die basis sal wees vir politiese krag.

'n Strategiese punt in ons buffer-sone dae was geweldloosheid. Vir jare is dit aangeneem dat swart mense nie letterlik sal veg vir hulle lewens nie. Hoekom die aanname gemaak is, is nie duidelik nie, die groter gemeenskap of die swart mense is nie bekend vir hulle passiwiteit nie. Die idee kom dalk van jare se opmarste en protesaksies, waar swart mense nie teruggeslaan het nie en die geweld altyd gekom het van die wit menigtes. Daar is steeds baie wat opreg glo in daardie benadering...

Van ons standpunt, wilde wit bendes en die wit nagryers moet verstaan dat die dae van kopslanery verby is. Swart mense moet terugveg.

Die van ons wat die Swartmag (Black Power) aanbeveel, het dit duidelik in ons gedagtes dat 'n geweldlose benadering vir siviele regte, 'n benadering is wat die swart mense nie kan bekostig nie en 'n luukse wat wit mense nie verdien nie.

[Aangepas van:http://college.cengage.com/history/ayers_primary_sources/blackpower1967.htmBlack]

BRON 3C - 2

Die volgende bron fokus op hoe die Black Panther Party die Swart gemeenskappe verdedig en oplik.

Die "Black Panther Party", gestig in 1966, het inspirasie gekry van die idees van Malcolm X. Hulle verwerp pasifisme (geen geweld) en hervorming ten gunste van militêre aksie en selfverdediging teen rassiste. So vinnig as wat die "Black Panthers" gestig is in Oakland, Kalifornië, het hulle ondersteuning gegroei. Hulle onbuigsame/ ontoegewende tien-punt program het gehandel oor vol indiënsneming, ordentlike behuising en onderwys vir swartes. Hulle het daarop aangedring dat swartes vrygestel word van militêre diens, want hulle wou nie die Verenigde State se rassistiese regering verdedig nie. Meer populêr was hulle eis vir 'n einde aan polisie- geweld. Baie jong swartes, siek van die daaglikse teistering van die polisie, was aangetrokke tot die Panthers – nie alleenlik oor hulle program nie, maar ook hulle vermoë om 'n geveg te organiseer oor hierdie kwessies...

Die Panthers was beroemd/ berug vir die uitoefening van hulle wetlike reg om gewere te dra. Dit word gebruik om hulle gemeenskappe te patroleer en die aksies van die polisie te monitor.

Die Panthers het ook gratis voedsel, klere en gesondheidsprogramme vir die armoediges tot stand gebring. Baie van hierdie was gefinansier deur geld wat hulle geëis het van plaaslike besighede. Hulle het propaganda gemaak vir demokratiese beheer van die polisie, vir swartes om te registreer as kiesers en 'n veldtog geloods vir 'n 30-uur-week sonder verlies van salaris om meer werk te verseker vir die werkloses.

Die regering het gereageer op die beweging, aan die een kant, met tegemoetkomings tot die swart massas, maar hulle het ook die boosaardige onderdrukking van die mees militante swart leiers veroorsaak. Op een stadium, van 'n leierskap van 1000, was 300 van hierdie verhoorafwagend. Nege en dertig Panthers was vermoor in die strate deur verskeie polisie-aksies.

[Aangepasvan: http://college.cengage.com/history/ayers_primary_sources/blackpower_1967.htmBlack]

BRON 3D -R

Die bron wys Bobby Seale en Huey P Newton buite die Black Panther party se hoofkwartiere.



Black Panthers

Founders:

Bobby Seale & Huey P. Newton

Stigters

Organized in Oakland, Ca. in Oct. 1966 to fight against police brutality & racism

Georganiseer in Oakland, in Oct. 1966 om te veg teen polisie brutaliteit en rassisme

[Van:<http://www.google.co.za/s>]

VRAAG 3:

HOE SUKSESVOL WAS DIE SWARTMAGBEWEGING OM
SEGREGASIE IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN
DIE 1960's TE BEËINDIG?

ekonomiese gelykheid - geweldloosheids protes, hit revolusie gebruik

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Lees Bron 3A.

- 3.1.1 Noem DRIE organisasies in die bron wat Afro-Amerikaners beïnvloed het om die Swartmagbeweging in die 1960's te ondersteun. (3 x 1) (3)
- 3.1.2 Gebruik die inligting in die bron en verduidelik hoekom swart weerstand as 'n belangrike keerpunt in die Burgerregtebeweging beskou word. (1 x 2) (2)
- 3.1.3 Verduidelik die konsep van Swartmag in jou eie woorde. (1 x 2) (2)
- 3.1.4 Lewer kommentaar op die rol wat Malcolm X in die vorming van die Swartmagbeweging in die Verenigde State van Amerika gespeel het. (1 x 2) (2)

3.2 Verwys na Bron 3B.

- 3.2.1 Verduidelik hoekom dit vir die Black Panther Party nodig was om van die Burgerregtebeweging weg te breek. (1 x 2) (2)
- 3.2.2 Haal TWEE bewyse uit die bron aan wat aandui dat die Black Panther Party in die 1960's gewildheid onder Afro-Amerikaners verkry het. (2 x 1) (2)
- 3.2.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe weeklikse koerante deur die Black Panther Party gebruik is om sy ondersteuning te verhoog. (1 x 2) (2)
- 3.2.4 Lewer kommentaar op hoe die Black Panther Party op staatsonderdrukking en geweld wat teen sy lede gebruik is, gereageer het. (1 x 2) (2)
- 3.2.5 Verduidelik, wat jy dink, die stelling, 'Sommiges het die uitdruklike doel gehad om die Black Panther Party as gewelddadig te beswadder en dat hulle vir hul eie vernietiging verantwoordelik was', in konteks van die Swartmagbeweging geïmpliseer. (1 x 2) (2)

3.3 Gebruik Bron 3C.

- 3.3.1 Hoekom dink jy is hierdie spotprent gepubliseer? (1 x 2) (2)
- 3.3.2 Verduidelik die boodskappe wat in hierdie spotprent oorgedra word. Gebruik visuele leidrade in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)
- 3.3.3 Lewer kommentaar op hoekom 'n historikus die bron as bruikbaar sal oorweeg wanneer die impak wat COINTELPRO op die Black Panther Party gehad het, ondersoek word. (2 x 2) (4)

3.4 Bestudeer Bron 3D.

- 3.4.1 Wat was, volgens die bron, die DRIE mikpunte van die 'inkleurboek'? (3 x 1) (3)
- 3.4.2 Noem TWEE metodes in die bron wat die regering van die Verenigde State gebruik het om opposisie teen sy segregasiebeleid teen te staan. (2 x 1) (2)
- 3.4.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis, en verduidelik hoekom die FBI die 'inkleurboek' teen die Black Panther Party gebruik het. (1 x 2) (2)
- 3.4.4 Noem die TWEE menseregteskendings in die bron wat die lede van die Black Panther Party ervaar het. (2 x 1) (2)

- 3.5 Vergelyk Bron 3C en Bron 3D. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 3C die inligting in Bron 3D ondersteun ten opsigte van die FBI se optrede teen die Black Panther Party. (2 x 2) (4)

- 3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin verduidelik word hoe suksesvol die Swartmagbeweging was om segregasie in die Verenigde State van Amerika gedurende die 1960's te beëindig. - *wat en wie oed van Swartmagbeweging was, 3B is relevant* (8) [50]

VRAAG 3: HOE SUKSESVOL WAS DIE SWARTMAGBEWEGING OM SEGREGASIE IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN DIE 1960's TE BEËINDIG?

BRON 3A - nie relevant

Hierdie bron verduidelik die redes wat tot die ontstaan van die Swartmagbeweging in die Verenigde State van Amerika in die 1960's gelei het.

3.1.1
Liggame soos die Swartkunsbeweging, die 'Student Non-violent Coordinating Committee' en die Black Panther Party het in die kulturele, politiese en ekonomiese programme wat hulle voorgestel en ontwikkel het, aan die Swartmagbeweging uitting gegee. Saam het hierdie organisasies miljoene swart mense gewerf.

Die honderde ghetto-opstande van die 1960's was 'n belangrike ^{denke verander} keerpunt in die swart weerstand. Tydens die eerste golf van onrus in die 1960's het groot opstande ontvou na dr. Martin Luther King se sluipmoord op 4 April 1968. Die tweede golf was nog tweehonderd opstande in 172 stede. ^{nie geweld → geweld} ^{OMSwaai}

Binne hierdie konteks is golf na golf swart jeugdige wat plaaslike outonomie (selfbestuur) geëis het, deur die Swartmag-slagspreuk gemobiliseer (in beweging gebring). 'n Derde golf jeugdige aktiviste het na die vyfhonderd rassekonfrontasies in 1969 by die swart weerstand aangesluit. Dit was die gewelddadigste uitdrukking van etniese konflik en het die Swartbewussyn gevorm en die vraag na Afro-Amerikaanse selfbeskikking versprei.

Namate die opstande van stad tot stad en staat tot staat ^{selfde regte, besluit oor dit. wat almal het} versprei het, het 'n nuwe generasie Swartmag-organisasies ontstaan met 'n duidelike siening (perspektief) oor die betekenis van Swartmag. Dit het die effektiwiteit van hul benadering tot swart bevryding getoets en hulself as die ware erfgename (opvolgers) van Malcolm X verklaar. Malcolm X was van mening dat swart Amerikaners as 'n interne kolonie van die Verenigde State swaargekry het en het op swart selfbeskikking aangedring.

[Uit <http://exhibitions.nypl.org/africanage/essay-black-power.html>
Toegang op 21 September 2018 verkry.]

BRON 3B *Relevant*

Die onderstaande bron fokus op die rol en impak van die Black Panther Party.

Die Black Panther Party vir Selfverdediging, later bekend as die Black Panther Party, het in die laat 1960's tydens 'n keerpunt in die Swartmagbeweging na vore getree toe die fokus van die Burgerregtebeweging se stryd in die suide na Swartmag in die noorde gedraai het. (Die doel was om van nie-gewelddadige protes na 'n rewolusie te beweeg.)

*vanaf nie
gewelddadige
protes na
gewelddadige
protes*

Die Black Panthers het die prominentste (noemenswaardigste) ikoon van Swartmag geword, en was regdeur die Verenigde State en die wêreld bekend vir hul militante toewyding en rewolusionêre politiek. (Binne 'n kort aantal jare het die party 'n aktiewe lidmaatskap van in die duisende gehad en 'n aanhang (gevolg) wat selfs nog groter was.) 3.2.2

Die weeklikse *Black Panther Newspaper* het op sy hoogtepunt 'n sirkulasie van 'n kwartmiljoen kopieë gehad. (Teen Mei 1969 het net die Chicago faksie (afdeling) elke week 8 000 eksemplare verkoop – dit het vinnig na 15 000 gestyg.) Volgens 'n meningspeiling in 1970 het 25 persent van die Afro-Amerikaners groot respek vir die Black Panthers gehad. Hiervolgens het 43 persent swart mense onder 21 en 5 uit elke 6 Afro-Amerikaners met die Black Panthers saamgestem dat swart mense moes verenig om hulself te verdedig. 3.2.3

Die Black Panther Party het net so vinnig ineengestort toe die organisasie 'n volle aanval van staatsonderdrukking en geweld ervaar het. Hulle was vasgevang in politieke debat en konflik kenmerkend van talle rewolusionêre bewegings van die tyd.

Sedertdien is baie boeke en fliëks gepubliseer wat probeer het om die Black Panther Party se nalatenskap te definieer. Sommige het die uitdruklike doel gehad om die Black Panther Party as gewelddadig te beswadder en dat hulle vir hul eie vernietiging verantwoordelik was.

[Uit <https://socialistworker.org/2016/11/03/revolutionary-legacy-of-the-black-panthers>
Toegang op 21 September 2018 verkry.]

BRON 3C - nie relevant

Die onderstaande spotprent beeld COINTELPRO, (Counter Intelligence Programme) [Teen-Intelligensieprogram] uit. Dit het 'n reeks aanvalle op die Black Panther Party geloods.



[Uit <http://allpower.wordpress.com/teaching/teaching-essays.2017/how-did-the-mainstream-media-potray-the-panthers-respond>
Toegang op 21 September 2018 verkry.]

FEDERAL BUREAU OF INVESTIGATION [FBI]
(FEDERALE BURO VAN ONDERSOEK)

BRON 3D - nie relevant

Die onderstaande bron verduidelik hoe die Federale Buro van Onderzoek (FBI) die 'inkleurboek' gebruik het om die Black Panther Party onder verdenking (in diskrediet) te bring.

Die Black Panther Inkleurboek is 'n aaklige voorbeeld van die taktiek wat die Federale Buro van Onderzoek (FBI) gebruik het om die wettige opposisie te smoor en het die burgerregte van die politieke groepe waarvan die VSA-regering nie gehou het nie, geskend. Nixon se Withuis het die anti-oorlogbeweging, die Burgerregte beweging en die Black Panther Party vir ontwrigting geteiken. Hulle het op-kampus informante gebruik om (die groepe) te infiltrer en in baie gevalle om wettige protesaksies en aktivisme te ontwrig.

Hierdie inkleurboek, wat volgens bewering vanaf die Black Panther Party gekom het, is inderwaarheid deur die FBI Hoofkantore verwerp toe 'n man dit vir hulle gebring het. Dit het later uitgekom dat hy verbintnisse met intelligensie gehad het. Die FBI het hulle min daaraan gesteur dat die Black Panther Party die inkleurboek afgryflik gevind het en het self meer beledigende illustrasie bygevoeg en die boek met massa-versending regoor Amerika versprei. Dit het die wit populasie so kwaad gemaak dat hulle opgehou het om na die geldige klagtes van swart mense te luister.

Terwyl daar volgehou kan word dat so 'n aksie tegnies nie die Black Panther Party se vryheid van spraak geskend het nie en al het dit mense se gewilligheid om te luister gesaboteer, dit duidelik is dat so verdelende daad die regte van mense – swart en wit – om vreedsaam te vergader, geskend het.

[Uit <https://socialistworker.org/2016/11/03/revolutionary-legacy-of-the-black-panthers>
Toegang op 21 September 2018 verkry.]

VRAAG 3: *aktivering* **WATTER ROL HET FRED HAMPTON IN DIE 1960's IN DIE**
-MOBILISERING VAN SWART AMERIKANERS IN DIE VERENIGDE
STATE VAN AMERIKA GESPEEL?

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Lees Bron 3A.

3.1.1 Haal TWEE leierskapseienskappe van Fred Hampton uit die bron
aan. (2 x 1) (2)

3.1.2 Waarom, volgens die bron, het Hampton 'n jeuggroep binne die
NAACP georganiseer? (1 x 2) (2)

3.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik
waarom Fred Hampton 'n 'skuif weg van kapitalisme na sosialisme
bevorder het'. (2 x 2) (4)

3.1.4 Definieer die konsep *Swart Mag* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

↳ swart self-vertroue, eenheid vorm, trots op swart herkoms

3.2 Verwys na Bron 3B.

3.2.1 Wat, volgens Hampton, was die 'basiese dinge' vir 'n suksesvolle
rewolusie? (2 x 1) (2)

3.2.2 Verduidelik waarom jy dink Hampton 'n oproep tot rewolusie in die
VSA beklemtoon het. *Enigste manier hoe verandering sou plaasvind* (2 x 2) (4)

3.2.3 Hoe, volgens die bron, wou Hampton die ekonomiese sisteem van
kapitalisme teenstaan? (2 x 1) (2)

3.2.4 Lewer kommentaar oor waarom jy die inligting in die bron as
bruikbaar sou beskou in die bestudering van die impak wat Fred
Hampton op die burgers van die Verenigde State van Amerika
gehad het. *Gemobiliseer, sosialisme bevorder, solidariteit* (2 x 2) (4)

3.3 Raadpleeg Bron 3A en 3B. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3A en 3B
mekaar ondersteun met betrekking tot die rol wat Fred Hampton in die
mobilisering van swart Amerikaners gespeel het. *gelykheid=sosialisme,* (2 x 2) (4)
motiver hulle tot rewolusie, noem sy deelname by Black Panther Party

3.4 Bestudeer Bron 3C.

- 3.4.1 Waarom, volgens die bron, het Fred Hampton die aandag van die FBI en die Chicago-polisie getrek? *betrelike by saamsmelt van organisasies* (1 x 2) (2)
- 3.4.2 Verduidelik waarom jy dink die Chicago-polisie besluit het om Fred Hampton tereg te stel. (2 x 2) (4)
- 3.4.3 Hoe, volgens die bron, is Fred Hampton doodgemaak? (2 x 1) (2)

3.5 Gebruik Bron 3D.

- 3.5.1 Lewer kommentaar oor waarom jy dink hierdie plakkaat geproduseer is. *propaganda wat versprei word* *niemand gaan die eenheid kan stop nie* (2 x 2) (4)
- 3.5.2 Verduidelik die boodskappe wat in die plakkaat oorgedra word. *die nalatenskap gaan mense motiveer om n eenheid te wees* (2 x 2) (4)

- 3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die rol wat Fred Hampton in die mobilisering van swart Amerikaners in die 1960's in die Verenigde State van Amerika gespeel het, verduidelik. (8)

L deur revolusie

[50]

[50]

VRAAG 3: WATTER ROL HET FRED HAMPTON IN DIE 1960's IN DIE MOBILISERING VAN SWART AMERIKANERS IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA GESPEEL?

BRON 3A *Relevant*

Die bron hieronder fokus op waarom Fred Hampton by die Black Panther-party aangesluit het. Dit is geneem uit 'n artikel met die titel 'The FBI and Chicago Police Conspired to Murder Fred Hampton' ('Die FBI en Chicago Polisie het Saamgesweer om Fred Hampton te Vermoor').

Fred Hampton is op 30 Augustus 1948 in voorstedelike Illinois gebore. Hy was 'n leier op die gebied van akademiese, atletiese en redenaars. Hy het sy hoërskoolstudie met lof geslaag en by die Triton Junior Kollege ingeskryf om regte te studeer en gesien watter ongeregtighede swart Amerikaners in die 1960's ervaar het. As 'n natuurlike leier het Hampton 'n jeuggroep binne die National Association for the Advancement of Coloured People (NAACP) georganiseer om ontspanningsgeriewe en die gehalte van onderwys in swart Amerikaanse skole te verbeter. *3.1.1*

Intussen het die Black Panther-party, wat net 'n paar jaar tevore gestig is met die doel om polisiemishandeling van swart Amerikaanse burgers te dokumenteer, Fred Hampton se oog gevang.

Hampton was aangetrokke tot die militantheid en dissipline in die Black Panther-party waarby hy in 1968 aangesluit het. Hy is egter ook deur hul pogings ooreed om 'n gratis gesondheidsklinieke oop te maak en 'n aantal gratis maatskaplike programme wat daarop gemik was om swart Amerikaanse gemeenskappe wat deur staats- en federale regerings vergeet of geïgnoreer is, te help. 'As dit krimineel is om kinders en honger mense te voed, as dit krimineel is om 'n program te begin waar die enigste voorvereiste is dat jy honger moet wees om jouself by hierdie program te betrek, dan gaan ons krimineel bly,' het Hampton in 1968 in 'n onderhoud gesê. *3.1.2*

Die werk van die Black Panthers was egter op 'n rewolusionêre filosofie (idee) gebaseer wat 'n skuif weg van kapitalisme na sosialisme bevorder het as 'n manier om 'n nuwe samelewing te skep wat op rasse- en ekonomiese gelykheid gebaseer was. *3.1.3*

Fred Hampton het beweer: 'Daar is al baie aanvalle op die Black Panther-party gemaak, so ons voel dat dit die beste is om 'n gewapende propaganda-eenheid te wees. Die basiese ding is egter om mense die Swartmagfilosofie te leer.'

[Uit <https://www.intpressnews.com/state-surveillance-and-killing-the-political-opposition-fred-hampton-and-the-state-of-amricas-extrajudicial-killings/42357/>. Toegang op 17 Julie 2019 verkry.]

BRON 3B *Relevant*

Die bron hieronder is 'n gedeelte van 'n toespraak wat Fred Hampton in 1969 by die Olivet-kerk gehou het. Dit fokus op hoe die Black Panther-party die uitdagings waarvoor die swart Amerikaanse werkersklas te staan gekom het, kon identifiseer en aanpak.

'So, wat het ons dan gedoen? Ons as lede van die Black Panther-party het seker gemaak dat mense 'n opvoeding kry. Mense leer basies deur waarneming en deelname. En dit is wat ons probeer doen. Dit is wat ons in hierdie gemeenskap kon doen. Dit is die basiese dinge wat jy moet doen wanneer jy van plan is om 'n suksesvolle rewolusie te bewerkstellig. 3.2.1

Baie mense verstaan nie die woord rewolusie nie en dink rewolusie is 'n slegte woord. Rewolusie is niks anders nie as om 'n seerplek op jou liggaam te hê en dan sit jy iets op die seerplek om die infeksie te genees. Laat ek vir julle sê, ons leef nou in 'n aansteeklike samelewing. Ek sê julle, ons leef in 'n siek samelewing. En enigeen wat integrasie in hierdie siek samelewing onderskryf voordat dit skoongemaak word, is 'n man wat 'n misdad teen die mense begaan. Ons moet 'n paar feite onder die oë sien. Dat die massas (werkersklas) arm is, dat die massas behoort aan wat julle die laer klas noem, en as ek oor die massas praat, praat ek van die wit massas, dan praat ek van die swart massas, die bruin massas en ook die geel massas. Ons moet die feit onder die oë sien dat sommige mense sê dat dit die beste is om vuur met vuur te bestry, maar ons sê dat dit die beste is om vuur met water te blus. Ons sê dat 'n mens nie rassisme met rassisme beveg nie. Ons gaan rassisme met solidariteit beveg. Ons sê dat 'n mens nie kapitalisme met swart kapitalisme beveg nie; jy beveg kapitalisme met sosialisme. Feitheid te vern, saam te staan

L. gelykheid vir almal
Ons gaan onself organiseer, mobiliseer en toewy aan rewolusionêre politieke mag en onself die spesifieke behoeftes leer om weerstand teen die magstruktuur van kapitalisme te bied ... 3.2.3

... Ek kom miskien nie terug nie. Ek is dalk in die tronk. Ek kan enige plek wees. Maar wanneer ek weggaan, onthou wat ek gesê het, dat die laaste woorde oor my lippe was dat ek 'n rewolusionêr is.'

[Uit <https://www.historyisaweapon.com/defcon1/fhamptonspeech.html>.
Toegang op 17 Julie 2019 verkry.]

BRON 3C ~~XXXXXXXXXX~~ NR

Die bron hieronder verduidelik hoe Fred Hampton, die nasionale ondervoorsitter van die Black Panther-party, op 4 Desember 1969 deur die Federale Speurdiens (FBI) en Chicago-polisie vermoor is.

Fred Hampton was suksesvol met die saamsmelt (vereniging) van die Black Panther-party met verskeie politieke organisasies in Chicago, waaronder voormalige bendeleiers van die swart Amerikaanse, Italiaanse, Latyns-Amerikaanse en wit gemeenskappe.) 3.4.1

Dit het nie net die FBI se aandag getrek nie, maar ook die polisie in Chicago, die Cook County State's Attorney Office (Staatsprokureurskantoor), en nog meer. Die teenstrydigheid was egter dat die FBI se eie betaalde informant, 'n misdadiger, William O' Neal, gehuur is om op Hampton te spioeneer. Hy het later Hampton se lyfwag geword en aan J Edgar Hoover verslag gedoen dat die primêre rol van die Black Panthers in Chicago bloot was om honger skoolkinders te voed.


... Hoover het die informant opdrag gegee om iets te 'vind' wat daarop sou dui dat die Black Panthers geweld en haat wou aanhits ... Die informant het inligting verskaf oor waar onwettige gewere in die woonstel gestoor is, asook 'n illustrasie van Hampton se slaapkamer. 3.4.2 ^{f wou iets sê}

Die FBI het toe hierdie inligting aan die Chicago Cook County State's Attorney (Staatsprokureur), Edward Hanrahan, voorsien sodat die polisie die teregstelling van Hampton kon uitvoer. Die aand voor die moord het dieselfde informant skelm secobarbital ('n kragtige slaapmiddel) in Hampton se drankie gegooi sodat hy nie gedurende die klopjag sou wakker word nie. Die polisie en die FBI wou seker maak dat Fred Hampton dood sou wees. Die polisie het ongeveer 100 rondtes ammunisie in Fred Hampton se woonstel gevuur. Hy is ernstig in die skouer gewond ... 'n paar polisiemanne het 'n skaars bewuste Hampton tot in die voorportaal van die woonstel gesleep en twee skote op kort afstand gevuur, wat hom gedood het.

[Uit <https://allthatsinteresting.com/fred-hampton>
Toegang op 21 April 2019 verkry.]

BRON 3D *Handwritten scribble* NR

Die plakkaat van Fred Hampton hieronder is deur die Chicago Film-groep geproduseer nadat hy in 1969 vermoor is.



[Uit <https://me.me/i/fred-hampton-you-can-kill-the-revolutionary-but-you-can-7960021>.
Toegang op 17 Julie 2019 verkry.]

In die oorspronklike plakkaat is die naam FRED HAMPTON in rooi geskakeer.

AFRIKAANSE VERTALING:

'JY KAN DIE REWOLUSIONÊR DOODMAAK, MAAR JY KAN NOOIT DIE REWOLUSIE DOODMAAK NIE.'



Janie - Julie

AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae in die Afdeling nie.
Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG – STUDIEGEVAL - CHINA

Verduidelik krities die Chinese se verhoudings met die USSR en die VSA van 1949 tot 1973 in die konteks van die Koue Oorlog periode. [50]

~~VRAAG 5: ONAfhANKLIKE AFRIKA 'N VERGELYKENDE STUDIEGEVAL – DIE KONGO EN TANZANIë.~~

~~Bespreek krities die sosiale en kulturele beleide wat ingestel is in die Kongo (deur Mobutu Sese Seko) in vergelyking met die beleide wat ingestel in Tanzanië (deur Julius Nyerere) tussen die 1960's en die 1980's.~~

~~Gebruik relevante voorbeelde van die na-koloniale Kongo en Tanzanië om jou argument te ondersteun.~~ [50]

VRAAG 6: BURGERLIKE GEMEENSKAPSOPSTANDE VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970'S : BURGERLIKE REGTE BEWEGING (CIVIL RIGHTS MOVEMENT).

Die 'Burgerlike Regte Beweging' (*The Civil Rights Movement*) het slegs politieke veranderinge meegebring in die VSA tydens die 1960's. gelyke regte vir swart Amerikaner

Stem jy saam met die boonste stelling? Ondersteun jou antwoord met relevante geskiedkundige bewyse.

[50]

TOTAAL: 150

Rekord

GESKIEDENIS (Vraestel 1)	10791/19	10
-----------------------------	----------	----

AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie afdeling nie. Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank te wees.

VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – CHINA

Mao Zedong se beleid van 'Die Groot Sprong Vorentoe' en 'Die Kulturele Rewolusie' het daarin misluk om die landbou- en nywerheidsektore in die Volksrepubliek van China tussen 1958 en 1969 te hervorm.

Stem jy met hierdie stelling saam? Ondersteun jou argument met relevante bewyse.

[50]

VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

Mobutu Sese Seko en Julius Nyerere het naat hulle onafhanklikheid van koloniale heerskappy in die 1960's bereik het, albei goeie leierskwaliteite getoon.

Bespreek hierdie stelling krities met verwysing na die ekonomiese, sosiale en kulturele beleide wat beide leiers vanaf die 1960's tot die 1970's in hul onderskeie lande geïmplementeer het.

[50]

VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING

Verduidelik in watter mate die verskillende vorme van protes deur die Burgerregtebeweging suksesvol was om die lewens van Afro-Amerikaners in die 1960's te verbeter.

meerdere, sosiale vlak

NB!

Ondersteun jou argument met relevante bewyse.

[50]

TOTAAL: 150

AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie afdeling nie.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

VRAAG 4: GEVALLESTUDIE – CHINA

Mao Zedong se beleid van die Groot Sprong Vorentoe en die Kulturele Rewolusie het tussen 1957 en 1969 die Volksrepubliek van China van 'n landboustaat na 'n moderne nywerheidstaat verander.

Bespreek hierdie stelling krities. Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun.

[50]

VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIE

Die leiers van die Kongo (Mobutu Sese Seko) en Tanzanie (Julius Nyerere) het albei verskillende politieke en ekonomiese beleid geïmplementeer na die verkryging van onafhanklikheid van koloniale regering.

Stem jy saam met hierdie stelling? Ondersteun jou argument met relevante bewyse.

[50]

VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING

Verduidelik tot watter mate die verskillende vorme van protes deur die Burgerregtebeweging in die 1960's 'n betekenisvolle rol in die beëindiging van diskriminasie teen swart Amerikaners gespeel het.

Ondersteun jou argument met relevante bewyse.

[50]

mindere mate
↳ staaf jou mening

TOTAAL: 150

